

**Media 24:** Petrus Malherbe berig:

14 Feb 2018

## DIÉ BLINK IDEE KAN DUISENDE LITERS WATER BESPAAR



Duisende liters badwater kan herwin word om die toilet mee te spoel danksy die WaterLoo.

Retief Krige het só gestaan en kyk vir die emmer gryswater in sy badkamer toe die blink idee hom soos 'n weerligstraal getref het.

Hoekom installeer mens nie 'n tweede tenk bo-op jou toilet se bestaande spoeltenk waarin jy maklik jou gryswater uit die stort of bad kan gooi nie? In stede daarvan om te spook met die toiletbak se deksel of om die swaar emmer al die pad tuin toe te piekel.

Gou het dié idee in iets tasbaar ontaard, een waaraan Krige, 'n nywerheidsontwerper en die uitvoerende hoof van sy eie agentskap, self kon werk.

Die konsep agter die WaterLoo is eintlik doodeenvoudig: 'n Tenk van 7,5 liter pas gemaklik bo-op jou toilet se bestaande spoeltenk. 'n Ruim opening laat jou toe om maklik gryswater uit 'n emmer of gieter in die waterbak te stort. Dié water vul die toilet se spoelbak in plaas van skoon, drinkbare munisipale water. **Sien ook die grafika hieronder.**

“Die WaterLoo was aanvanklik 'n oplossing vir my eie waterbesparingsbehoefte in my huis op Stellenbosch,” sê Krige. “Maar ek het vinnig beseft dat die watertekort 'n groter probleem is en dat ander daarby sal kan baat vind.”

Krige sê hy en sy gesin bespaar en herwin al sedert Desember 2016 aktief water, maande voordat die ware omvang van die Boland se “ergste droogte in 'n eeu” tot almal begin deurdring het.

“In ons huis vang ons al lankal gryswater op om ons tuin mee nat te maak. Daar was dikwels spanning in die huis oor watter gesinslid se emmer badwater nog in die badkamer staan, en in baie gevalle was dit my eie,” sê hy. Dis toe dat hy met die waterbak-idee vorendag kom. Dit bied nie net 'n gerieflike bergplek vir die gryswater in die badkamer nie; dit sal ook 'n praktiese

doel verrig.



Die WaterLoo pas gemaklik bo-op die spoelbak van enige toilet, ongeag die spoelmeganisme. Dit bied 'n waterbak van 7,5 liter waarin gryswater gestoor kan word om die toilet mee te spoel.

“Dit was belangrik dat die produk so naatloos as moontlik by die bestaande waternetwerk van die huis inpas,” sê Krige.

### **Dit pas op enige tipe toilet**

Sy grootste uitdaging was om 'n toestel te ontwerp wat op enige tipe toilet met enige tipe spoelmeganisme sou pas. Hy moes ook 'n klep ontwerp wat water uit die waterbak sou deurlaat na die toilet se spoelbak as dit leeg is.

“Ek het verskeie toetslopies gebou en met verskillende ontwerpe geëksperimenteer voordat ek uiteindelik 'n werkbare model gehad het.”

Volgens sy navorsing gebruik die gemiddelde huishouding tot 35% van hul totale maandelikse waterverbruik net om die toilet mee te spoel. 'n Toestel soos die WaterLoo het dus die

potensiaal om duisende liter drinkwater per maand te bespaar.

“Die bron van die gryswater (jou stort en/of bad) lewer dikwels meer as genoeg water vir die toilet op, dus maak dit baie sin om hierdie water op dié manier te herwin,” sê Krige.

Sedert die WaterLoo in Desember verlede jaar bekend gestel is, het Krige en sy span reeds duisende eenhede oor die hele Wes-Kaap heen afgelewer.

Die WaterLoo is deel van RKID, ’n firma wat fokus op produkontwikkeling en -ontwerp, en waarvan Krige ook die uitvoerende hoof is.

Hulle vervaardig die produk self op hul perseel in Tegnopark net buite Stellenbosch. Volgens Krige is talle werkseleenthede al danksy die WaterLoo geskep, insluitend nuwe materiaalverskaffers, die verskaffers van verpakkingsmateriaal en verspreiders.

“Dis ’n spanpoging,” sê hy.

Hoewel die maatskappy die WaterLoo landwyd aflewer, is die droogtegeësterde Kaap tans hul hooffokus. Daar is reeds aanduidings dat die WaterLoo ook suksesvol kan wees in ander wêrelddele wat onder watertekorte ly.

## Só werk die WaterLoo-toestel

Gooi gryswater hier in

Waterbank

Beheer vloeï van water


Hoof tenk

Draai stopkraan toe

### Soveel spaar jy

55%  
Stort en bad

10%  
Kombuis



**Jy bespaar 35%** van jou totale maandelikse waterverbruik uit munisipale bronne.



THEUNS KRUGER, Grafika24

### Omstredenheid oor die ontwerp

Die Wes-Kaapse premier, Helen Zille, het onlangs die amptelike mediabekendstelling van die WaterLoo bygewoon en haar opgewondenheid daaroor getwiet.

Kort daarna is sy, en ook Krige, op Twitter daarvan beskuldig dat die konsep daarvoor by Nkosinathi Nkomo, 'n student in ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad, gesteel is.

Nkomo het 'n soortgelyke waterbesparingsproduk, die AquaRenu, verlede jaar kort voor sy dood ontwerp. Die AquaRenu stoor ook gryswater vir latere gebruik in jou tuin.

“Ek het eers ná ons mediabekendstelling van Nkomo se ontwerp uitgevind danksy die sosiale media,” sê Krige. “Wat ek kon sien, is dat sy stelsel baie anders funksioneer as WaterLoo en dat dit ook vir 'n heel ander doel ontwerp is.”

Volgens Krige het hy ook lank voor die bekendstelling van die AquaRenu reeds sy WaterLoo-konsep gepatenteer.

Wat ek kon sien, is dat sy stelsel baie anders funksioneer as WaterLoo en dat dit ook vir 'n heel ander doel ontwerp is.

“Met die erge watertekort in die Wes-Kaap hoop ek wel dat Nkomo se kollegas hul weg kan vind om ook sy waterbesparingstoestel op die mark te bring.”

Nkomo was 'n derdejaarstudent in siviele ingenieurswese toe hy uit die venster van sy woonstel op die vyfde verdieping geval het.

'n Polisiewoordvoerder, kaptein F.C. van Wyk, het aan [Huffington Post](#) gesê Nkomo se dood word steeds ondersoek, maar dat geen gemene spel vermoed word nie.

Intussen sê Krige hy hoop die WaterLoo sal op langtermyn daartoe bydra dat waterbesparing 'n lewenswyse vir alle Suid-Afrikaners word. “So kan die verbruiker aktief by die besparing van water betrokke raak,” sê hy.

“Ek sou ook nie vyf jaar gelede kon dink dat ek die behoefte aan so 'n produk in my eie huis sou hê nie, maar die watertekort het my die afgelope paar jaar laat besef ons sal alternatiewe oplossings moet vind.”

Die WaterLoo is reeds by 'n handvol kleinhandelwinkels beskikbaar en kan ook [aanlyn](#) bestel word.